Maandag 22 Junie
Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-6
Fokusgedeelte: Efesiërs 1:4, 6 (AFR2020)

## God se genade as die stof van my lofprysing

Wanneer Paulus die brief aan die Efesiërs begin, bars hy uit in lofprysing. Wat volg, is 'n enkele, asemrowende sin van lof wat soos 'n waterval oor die een seëning na die ander vloei. Elke woord is deurdring met verwondering oor God se genade.

Die eerste seëning wat hy noem – die een wat soos 'n fondament onder alles vloei – is dat God ons uitverkies het in Christus. Dit het lank voor jou geboorte begin – voor die skepping van die wêreld, het God in sy vrymag besluit: "Jy behoort aan My."

Dit is nie iets wat ons verdien of selfs voor gevra het nie. Dit is nie omdat ons goed genoeg was of reg geleef het nie. Dit is uitsluitlik op grond van God se genade. Daarom is dit die grondslag van ons lofprysing, want hoe meer ek besef dat ek niks daartoe bygedra het nie, hoe meer wil ek God alleen eer.

Wie God uitverkies, roep Hy om heilig en onberispelik voor Hom te wees. Hy roep ons uit die vuilheid van die sonde tot 'n nuwe lewe, en Hy gee aan ons 'n nuwe identiteit: kinders van God.

Paulus gee dan die rede hiervoor: tot lof van die heerlikheid van sy genade. Dit beteken: God het my gered, sodat my hele lewe 'n loflied tot sy eer kan wees. Uit Hom, deur Hom, tot Hom is alles – Hom kom die eer toe!

Wanneer ek terugkyk op my lewe, kan ek met dankbaarheid getuig: "Kyk wat het God gedoen!" Wanneer ek na my toekoms kyk, kan ek vasstaan in die sekerheid van God se uitverkiesing in Christus. Wanneer ek in die hede leef, moet elke asem, elke daad, elke woord uitroep: "U, Here, is waardig om lof en aanbidding te ontvang, want u genade is groot!"

*Sing: Psalm 90-1:12*

*Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*